



Resensies

- König, A. 2003. **Ek glo die Bybel – ondanks al die vrae.** Wellington : Lux Verbi.BM.
(*J.H. van Wyk*) 321
- Smit, D. 2003. **Vernuwe! Na die beeld van ons Skepper.** Wellington : Lux Verbi.BM.
(*J.H. van Wyk*) 323
- Pick, S. 2002. **MIV/Vigs ons grootste uitdaging nóg! Die pad vorentoe vir die kerk in Suid-Afrika.** Wellington : Lux Verbi.BM.
(*J.M. Vorster*) 324
- Potgieter, J. 2003. **Waardes wat werk. Wenwenke vir almal wat by jongmense betrokke is.** Wellington : Lux Verbi.BM.
(*P.J. Strauss*) 327
- Nicol, W. 2003. **Gebed van die hart. Word stil en beleef God.** Wellington : Lux Verbi.BM.
(*L. Floor*) 328
- Janson, M. 2003. **My nalatenskap – die kuns om gelukkig te lewe.** Wellington : Lux Verbi.BM.
(*G.A. Lotter*) 330
- Potgieter, J. & Van Huyssteen, F. 2002. **Homoseksualiteit in perspektief. Hoop en heling uit die Bybel.** Wellington : Lux Verbi.BM.
(*N. Vorster*) 331



Resensies

KÖNIG, Adrio. 2003. Ek glo die Bybel – ondanks al die vrae.

Wellington : Lux Verbi.BM.

352 p. Prys: R99,95. ISBN 0-7963-0130-1.

Resensent: *J.H. van Wyk*
(Emeritus: Skool vir Kerkwetenskappe, PU vir CHO)

König is uitgesproke daarvoor dat hy – soos Berkouwer, by wie hy ook bewustelik aansluit (14) – lank gewag het om oor die Skrifleer te publiseer (14, 120). Hy het doelbewus gewag vir jarelange blootstelling aan die Bybelse dokumente “om te sien hoe hulle regtig lyk, en wat hulle op die ou end aan ’n mens doen”.

Ek gaan eerstens die temas aandui wat in die boek bespreek word, daarna ’n tipering probeer verskaf, om uiteindelik tot ’n evaluering te kom.

Tematisering

Afgesien van ’n voorwoord en nawoord, bestaan die boek uit tien hoofstukke waarin bykans oor alle moontlike temas uit die Skrifleer nagedink word. Hoofstuk 1 handel oor “Die Bybel in gedrang”; hoofstuk 2 bespreek “Die sentrum van die Bybel”, waarin veral gefokus word op God, mens en aarde; in hoofstuk 3 gaan dit oor “Die boodskap van die Bybel”, waar aspekte soos skepping, sonde, verbond, heil, toekoms en Jesus Christus bespreek word; hoofstuk 4 bekyk “Die ontstaan en samestelling van die Bybel”, met verwysing na die waarde van die Ou Testament en die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament; hoofstuk 5 gee aandag aan “Wat glo ons oor die Bybel?”, waar sake soos kanon, inspirasie, gesag, betroubaarheid, noodsaaklikheid en duidelikheid aan die orde kom; hoofstuk 6 bring “Uitlegteorie (hermeutiek)” ter sprake, waar die skrywer eintlik sy taalfilosofie (of taalteologie) uiteensit; hoofstuk 7 behandel die vraag “Hoe moet ons die Bybel uitlê?” en bespreek uitlegmetodes (eksegese) soos heilshistoriese uitleg, struktuuranalise, historiese uitleg, kontekstuele uitleg, histories-kritiese en histories-letterlike uitleg; hoofstuk 8 gaan oor maniere van Bybellees: “Hoe moet ons die Bybel lees?”; hoofstuk 9 gaan in op “Verskille in die Bybel”, ’n hoofstuk waarin onder meer swaarde gekruis word met die Nuwe Hervorming; hoofstuk 10 hanteer enkele “Probleme en probleem-

tekste”, waarin oppervlakkige en goedkoop eksegetiese onder skerp kritiek deurloop.

Tipering

Soos gesien kan word in die temas wat behandel is, het ons hier te doen met 'n groot verskeidenheid onderwerpe. Die boek getuig van selfstandige nadenke, is omvattend saamgestel en ook met groot openhartigheid geskryf. Die outeur is met weinig goedkoop antwoorde (bv. harmonisasie, 269, 271) tevrede. Hoewel hy 'n hoë dunk van die Bybel het (vgl. sy uitspraak: “Genesis 3 sou ek nooit geglo het as dit nie in die Bybel gestaan het nie”, 57), verreken hy ook deeglik die vrae wat byvoorbeeld deur die histories-kritiese Skrifuitleg na vore gebring word. Hy skryf ook onbevange daaroor dat die Bybel getuienisse van mense oor die openbaring van God bevat (118-119, 164). In 'n sekere sin is sy boek 'n poging om die kritiese en ortodokse Skrifbeskouing en Skrifverklaring in 'n sintese saam te voeg (vgl. 218). Soos reeds eerder vermeld, laat hy hom baie krities uit oor die standpunte van die Nuwe Hervormers (285-286). Hulle minimaliseer Jesus en hulle dink sterk antimetafisies. “As mense nie meer die betekenis van die kruis en opstanding van Jesus aanvaar soos ons dit in die Nuwe Testament kry nie, het hulle nie meer dieselfde geloof nie” (288). As mense meditasie teenoor gebed stel, beteken dit “dat hulle 'n ander God teenoor die Vader van Jesus stel” (288).

In aansluiting by Berkouwer gaan dit ook vir König nié om formele Skrifgesag nie, maar om die *inhoud, die boodskap* van die Bybel, wat saamtrek in die persoon en werk van Jesus Christus (23, 144-145, 156-157). Dit gaan in die Bybel veral oor die *groot lyne* en sake wat *herhaaldelik* vermeld word en nie oor sake wat terloops aandag kry nie (50, 146-147, 151-152, 237-238). Alles in die Bybel lê nie op dieselfde vlak nie (29, 91-92). In die verstaan van die Bybel is dit baie belangrik om die kultuurhistoriese konteks te verreken (132, 149, 151, 325) en om steeds ekumeniese Skrifinterpretasie in gedagte te hou (175, 205, 231).

Evaluering

Ek het waardering daarvoor dat König vashou aan die gesag en betroubaarheid van die Skrif, hoewel hy dit dan nie formalisties nie, maar inhoudelik verstaan. Die vraag is egter of die kriterium van (frekwente) repetisie nie 'n reduksie van Skrifinhoud impliseer nie. Die Christologiese konsentrasie behoort binne die wyer konteks van die koninkryks- en verbondsperspektief verdiskonteer te word.

Problematiese sienings wat in ander van sy geskryfte voorkom, word ook hier weer herhaal, byvoorbeeld dat die bose magte die wêreld van God

“gesteel” het (45, 78, 80, 86, 108, 313). Só ’n uitspraak kan myns insiens op geen enkele manier Bybels gesubstansieer word nie, bied ook ’n te goedkoop verklaring van die boosheid in die wêreld, oorskat die mag van die Bose en minimaliseer die mag van God.

Ook die gedagte dat Israel tydens die ballingskap die temas van apokaliptiek en die duiwel “ontwikkel” het (78, 85, 86, 107, 108, 190), vind ek eerder ’n fenomenologiese as ’n teologiese uitspraak. Dit is jammer dat König hierdie “ontwikkeling” nie in verband bring met die (voortgaande) *openbaring* van God aan Israel nie, maar met Israel se eie denkontwikkeling. Trouens, die hele gedagte van *Godsopenbaring* speel myns insiens ’n te ondergeskikte rol in König se Skrifleer.

Ook die gedagte dat “God nie altyd regkry wat Hy wil nie” (65), is ’n vreemde formulering, selfs al sou ons byvoeg dat die skuld hiervoor nie by Gód lê nie, maar by óns (66).

Saamgevat: ons het hier te doen met ’n boek wat ryk aan inhoud is en erns maak met die fundamentele leerstukke van die Reformatoriese tradisie, hoewel ons ten opsigte van sekere standpunte van die outeur (bv. die voorsienigheidsleer en aspekte van die Skrifleer) bepaalde voorbehoude het en daarop kritiek gelewer het.

<p>SMIT, Dirkie. 2003. Vernuwe! Na die beeld van ons Skepper. Wellington : Lux Verbi.BM. 69 p. Prys: R52,95. ISBN 0-7963-0137-9.</p>
--

Resensent: *J.H. van Wyk*
(Emeritus: Skool vir Kerkwetenskappe, PU vir CHO)

In hierdie prikkelende publikasie het Smit die eerste artikel van die *Geloofsbelydenis van Nicea*, die mees ekumeniese simbool, as ’t ware herdink aan die hand van die Kolossensebrief. Die eerste artikel van *Nicea* lui soos volg: “Ons glo in een God, die almagtige Vader, die Skepper van hemel en aarde, en van alle sienlike en onsienlike dinge.” Elk van hierdie woorde is deur Smit in ’n pakkende skryfstyl teologies uitgediep. Die formulering is deurgaans lesersvriendelik en die argumentering is sterk onderbou deur die klassieke gereformeerde teologie – hoewel meermale ook na Luther, Bonhoeffer en ander teoloë verwys word.

Ons het in hierdie publikasie te doen met stigtelike lektuur van die hoogste graad en dit kan met vrymoedigheid by lesers aanbeveel word.

Is daar enige kritiekpunte? Slegs enkele. Die outeur werk sterk met 'n "teologie van die kruis", in aansluiting by Luther, maar ek sou dit graag (sterker) wou aanvul met 'n "teologie van die opstanding", veral nou, in Suid-Afrika. Dis waar: die Opgestane is die Gekruisigde, maar die omgekeerde is ewe onmisbaar: die Gekruisigde is die Opgestane. Kruis én opstanding vorm die twee skarniere waaraan die deur van die evangelie hang.

'n Tweede kritiekpunt is dat die skrywer nêrens met die Nuwe Hervorming in debat tree nie. Hy verwys wel terloops daarna (66), maar gaan nie op hulle standpunte in nie, en dit terwyl Kolossense as polemiese geskrif teen allerlei dwalings, juis die geleentheid daarvoor bied. Die outeur skryf ortodoks, vanselfsprekend en byna argeloos oor die Drie-eenheid, die soendood en opstanding van Jesus Christus en die eskatologie, almal belydenisstukke wat deur die Nuwe Hervorming óf verwerp óf radikaal geherinterpreteer word. Dit blyk ook al meer dat die debat oor die Nuwe Hervorming in 'n groot mate 'n "Noordelike debat" is. (Die teoloë van Stellenbosch is die enigste van die NGK teologiese fakulteite wat nog nie oor die Nuwe Hervorming 'n getuienis laat uitgaan het nie.) En hiermee wil ek sê: die standpunte van die Nuwe Hervormers kry tans soveel aandag oor die radio, in dagblaaie, tydskrifte en boeke dat hulle idees selfs in populêre werke nie langer meer geïgnoreer behoort te word nie.

Ten slotte wys ek op twee kleiner glipsies: Augustinus was nie biskop van Kartago nie (34), waar hy wel dikwels gepreek het, maar van Hippo Regius. Verder is Augustinus se opmerking dat God iemand is wat ons slegs stamelend kan bely, ten einde nie totaal te swyg nie (42), 'n verwysing na die geheim van die Drie-eenheid en nie 'n algemene opmerking oor die belydenis oor God nie (*De Trinitate*, 5.2.10).

Origens van harte aanbeveel.

PICK, S. 2002. **MIV/Vigs ons grootste uitdaging nóg! Die pad vorentoe vir die kerk in Suid-Afrika.** Wellington : Lux Verbi.BM.
95 p. Prys: R59,95. ISBN 0-7963-0133-6.

Resensent: J.M. Vorster
(Skool vir Kerkwetenskappe, PU vir CHO)

Hierdie boek is 'n populêr-wetenskaplike publikasie wat op 'n maklik leesbare en pakkende wyse die teenswoordige MIV/Vigspanemie in

Suid-Afrika bespreek en dan aandui watter rol die kerk in die hantering van die siekte kan en moet speel. Na 'n inleidende skrywerswoord en 'n boodskap van die Vigsburo behandel die skrywer die volgende sake:

- die uitdaging aan die kerk
- die omvang en implikasies
- 'n teologiese perspektief
- 'n etiese perspektief
- die pastorale taak van die kerk

Daarna bied hy 'n interessante bylaag oor die stappe wat gevolg moet word ná MIV-blootstelling.

In die eerste hoofstuk waarsku hy teen onbetrokkenheid van die kerk. Deur te swyg oor die probleem van MIV/Vigs, kan die kerk uiteindelik medeverantwoordelik gehou word vir die wyse waarop die virus in gemeenskappe oor die land versprei. In sy bespreking van die omvang en implikasies gee hy waardevolle wetenskaplike inligting oor die siekte en die wyses waarop dit oorgedra kan word. Hy wys op geen-risiko-aktiwiteite en dan op hoërisikogedrag, sowel as op die faktore wat van Suid-Afrika 'n hoërisikogebied vir die ernstige MIV/Vigs-pandemie maak. Hy betrek ook die probleem van vigswesies en die jeug en MIV/Vigs. Hierdie gedeelte is baie waardevol en kan beskou word as die uitstaande deel van die boek.

Die teologiese perspektief is minder suksesvol. Sy stelling dat daar geen Bybelse gronde is om te glo dat die God van genade en barmhartigheid daarop ingestel is om te straf nie, berus op 'n eensydige Skrifberoep. Hier sou hy meer gebruik kon maak van die oordeelsaankondigings van die profete oor die godsvolk se moedswillige ongehoorsaamheid. Hoewel straf nie (altyd) aan 'n spesifieke sonde toegeskryf kan word nie, moet die realiteit van God se straf nie ontken word nie. Hierdie leemte lei daartoe dat die skrywer nie die eis tot gehoorsaamheid aan God en verantwoordelikheid in menslike handeling tot hulle reg laat kom nie. Sy verwysing op p. 48 na die meisie wat haar tot prostitusie wend vanweë haar armoedige omstandighede is die gevolg van 'n baie oppervlakkige sondebeskouing wat die vrug is van 'n oppervlakkige uiteensetting van die straf van God. Prostitusie is immers moedswillige sonde en die mens sal die straf van God daarvoor ontvang. 'n Mens moet uit gehoorsaamheid en eerbied vir God verantwoordelikheid neem vir die keuses van jou lewe en weet dat 'n keuse vir 'n sondige daad nie ongestraf sal bly nie, tensy daar berou en bekering is. Pick lê ook nie genoegsaam klem op

die Bybelse verbod op onsedelike gedrag nie en skryf sulke gedrag te maklik toe aan omstandighede buite die mens se beheer.

Eweneens roep die etiese perspektief ook baie vrae op as gevolg van die feit dat die outeur werk met 'n situasie-etiek. Dit lei daartoe dat die situasie van MIV/Vigs die optrede van die kerk bepaal. Hy kom dan tot die eties aanvegbare konklusie dat die kerk in die lig van die omstandighede moet oorweeg om kondoomgebruik voor te staan (p. 68). Hy bespreek diskriminasie en vertroulikheid en wys op die probleme wat daaruit voortspruit, maar gee nie oortuigende antwoorde op die morele konflikte onderliggend aan hierdie probleme nie. Die vraag is of die individu se reg tot privaatheid swaarder moet weeg as die reg tot gesondheid en die reg tot inligting van die gemeenskap. Die outeur wys tereg op die plig van die gelowige teenoor die MIV-positiewe persoon, maar versuim om die plig van die MIV-positiewe persoon teenoor ander aan te toon. Ander aktuele etiese vraagstukke soos die verklaring van MIV as 'n aanmeldbare siekte, die kriminalisering van MIV-besmetting en die redes vir stigmatisering word nie behandel nie. Benewens sy gebruikmaking van situasie-etiek werk hy met 'n streng individualistiese mensbeskouing.

Die skrywer is korrek wanneer hy sê dat die kerk 'n groot rol te speel het in die bekamping van MIV-besmetting. Hierby moet egter gesê word dat die kerk nie sy unieke aard moet prysgee nie. Die kerk getuig oor God se wil en hierdie getuienis moet voortkom uit die Bybelse beginsels ten opsigte van menswees, seksualiteit, gehoorsaamheid, liefde en verantwoordelikheid. Werklike Christelike beginselende ontbreek in die boek en daarom verval die oorsig oor die rol van die kerk slegs in blote pragmatisme.

Die leiding oor die pastorale hantering van MIV/Vigs-pasiënte bevat waardevolle elemente, maar 'n mens mis 'n paragraaf of twee oor die rol van die prediking in hierdie verband. Die gemeente is immers nie net 'n dienende en versorgende gemeenskap nie, maar ook 'n werkende en getuigende gemeenskap. In 'n uiteensetting van pastorale pligte behoort al hierdie aspekte aandag te kry.

Die boek steun sterk op die vroeëre publikasie van die Wêreldraad van Kerke oor dieselfde saak.¹ Baie dinge wat daarin gesê is, word onkrities herhaal en hierdie publikasie lewer nie veel nuuts op nie. Die boek is taalkundig en tegnies netjies versorg en kan aanbeveel word vir mense wat meer wil weet oor die mediese, sosiale en demografiese omvang

1 Wêreldraad van Kerke. 1997. Facing Aids. The challenge, the Churches' response. Genève : Wêreldraad van Kerke. 115 p.

van die siekte. Die boek is egter nie geslaag as 'n duidelike Christelike beskouing oor die voorkoming van MIV/Vigs nie.

POTGIETER, J. 2003. Waardes wat werk. Wenwenke vir almal wat by jongmense betrokke is. Wellington : Lux Verbi.BM.
133 p. Prys: R59,95. ISBN 0-7963-014-09.

Resensent: *P.J. Strauss*
(Dept. Ekklesiologie, Universiteit van die Vrystaat)

Vir my wat self intens by Afrikaanse jongmense en tieners betrokke is, het hierdie boekie van die begin tot die einde geboei. In 'n tyd waarin dit voorkom asof die Afrikaanse gereformeerde kerke in Suidelike Afrika hande in die hare én lam in die bene is oor hoe hulle hulle eie verbondsjeug moet hanteer, kom hierdie boekie met 'n nuwe motivering en 'n begronde, maar aangepasde, moderne benaderingswyse.

Die tiener wat Potgieter in gedagte het, is die (gemiddelde?) Afrikaanse tiener van die oostelike voorstede van Pretoria; 'n tiener wat hy as post-modern tipeer en wat uit gesinne kom waar die ouers dikwels afwesig is; die tieners van wie hy predikant is.

Ten diepste gaan dit vir Potgieter oor die kerklike kant in die vestiging van Christelike lewenswaardes by hierdie kinders. Hy voer hierdie lewenswaardes terug na 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing, hoewel hy toegee dat die postmodernisme die hele kwessie van algemeen geldige of ewige waarhede in dispuut gebring het.

Hy bepleit 'n gesinsbediening waarby die ouers, jeugassessore (ouer-vrywilligers wat elk verantwoordelikheid vir 'n groepie jonges neem) en selfs die skool betrek word. Hy sluit af met 23 riglyne of programwenke wat daarop gemik is om deur ervaringsleer 23 waardes by die tieners tuis te bring. Gemeng met moderne tegnologie en pastorale begeleiding, gee hy heelwat nuttige idees in hierdie deel deur. In sy geheel stimuleer Potgieter tot nadenke en kan sy wenke ook handig toegepas en, na gelang van omstandighede, aangepas word.

Enkele kritiese vrae kan egter ook gevra word.

Aan die een kant waardeer hy die waarde van 'n spreker in monoloë toon baie laag. Aan die ander kant gee hy toe dat jongmense advies en begeleiding nodig het – wat natuurlik 'n goeie Skrifuitleg en preek kan

insluit (die waarde van kerklike onderrig). Daarby is hy moontlik net te veralgemend in die tipering van sy tieners. Alle tieners in die oostelike dele van Pretoria leef en dink beslis nie dieselfde nie!

Sy “verchristeliking” van die inhoud van die Handves van Regte in die S.A. Grondwet wat ook ’n invloed op die keuse van sy 23 waardes het, kom net met te min slag of stoot. Sy begroning van sommige van hierdie waardes – ek dink byvoorbeeld aan demokrasie, billikheid en maatskaplike geregtigheid – is moralisties en word aangebied met ’n uiters dun (soms suur) sousie Christelike etiek en Bybelse eksegesi. Hy is ook heeltemal te onkrities oor die nuwe skoolbedeling in die land. Uitkomsgebaseerde onderwys is nie die enigste baarling van hierdie sisteem nie. Van die dieper lewensbeskoulike bewegings agter baie maatreëls gee hy nie rekenskap nie. En dan, ek mis die verbond in hierdie voorgestelde gesinbediening – al is dit Lynnwoodrif en al leef ons in die Suid-Afrika van 2003.

NICOL, W. 2003. *Gebed van die hart. Word stil en beleef God.*
Wellington : Lux Verbi.BM. 191 p. Prys: R79,95. ISBN 0-7963-0089-5.

Resensent: *L. Floor*
(Emeritus Dept. Ou & Nuwe Testament, PU vir CHO)

Met hierdie publikasie het die skrywer ’n onderwerp aangeroei wat van die allergrootste belang is. Hy vra in sy boek aandag vir die diepste beleving van die godsdiens, naamlik die persoonlike verhouding en omgang met God. Soos ook in die boek aangetoon word, was daar die eeue deur belangstelling vir hierdie onderwerp. Op ’n oorspronklike manier beskryf dr. Nicol die pad na intieme gemeenskap met God as ’n reis. Sy boek wil ’n reisgids wees en hy bespreek baie eerlik watter hindernisse daar op so ’n reis ondervind kan word. Een van die moeilikste struikelblokke op pad na die groot stilte is jou gedagtes (p. 88). Die reis is eintlik ’n soektog (p. 51). Om aan te toon dat hy met sy boek nie met iets vreemds op die mark kom nie, roep hy ’n hele aantal getuies op. As Reformatoriese teoloog gaan hy terug tot voor die Reformasie. Mistici uit die Middeleeue en uit die tyd van die Kerkvaders word ook bespreek. In hierdie opsig is daar ’n treffende ooreenkoms met die Puriteine: hulle het ook tot ver in die kerkgeskiedenis voor die Reformasie teruggegaan om die belangryheid van persoonlike omgang met God te beklemtoon.

Dit is ook opvallend dat sowel die Puriteine as Nicol aansluiting gevind het by 'n onbekende skrywer wat 'n boek gepubliseer het met dié titel: *The cloud of unknowing* (p. 137). In daardie boek staan die pragtige sin: "Jy kan God nie ken langs die weg van die verstand nie, maar alleen deur 'n hartlike liefde". Die skrywer sluit hierby aan. By al die mooi dinge wat in *Gebed van die hart* bespreek word, is dit jammer dat die skrywer tog op sy reis van die pragtige pad afgedwaal het. Nicol wil sy lesers begelei op die pad na 'n groter stilte (p. 37). Dit moet tog eerder wees die pad na God. In die stilte moet die ontmoeting met God tog plaasvind. Soms lyk dit of dit by die skrywer veral om die stilte gaan.

Op pad na die groot stilte gee die skrywer allerlei tegniese hulpmiddels wat gebruik kan of selfs moet word. Die funksie van die liggaam kry oormatige aandag (p. 73-75). Die ontwerp van 'n meditasiestoeltjie word breedvoerig bespreek en geïllustreer (p. 76-77). Asemhalingstegnieke word bespreek (p. 129-130). Selfs die natuur word te hulp geroep om by die groot stilte uit te kom (p. 102-103). Dit alles het die geur van die Oosterse mistiek waarteen die skrywer in sy boek tog tereg waarsku. Veel in die boek wek die indruk dat dit gaan om die stilte as sodanig. Die skrywer waarsku tereg teen panteïsme (p. 170), maar soms kry 'n mens die indruk dat nie genoeg weerstande ingebou is om sy lesers daarteen te beskerm nie. By die Puriteine het dit gegaan om die vereniging met God self. Maar wat hulle ervaar het, was nie in die eerste plek 'n stilte nie, maar baie bewustelik God se liefde en God se vrede.

By Calvyn vind ons telkens weer sy oortuiging dat dit in die persoonlike omgang met God veral gaan om die vereniging met Christus. Volgens die gepaste ondertitel van die boek moet God in die stilte beleef word. *Hoe God beleef word en wat van God beleef word*, kom egter nie so duidelik in die boek na vore nie. Die skrywer wys wel op die vrede van God (p. 149) en die liefde van God (p. 170) wat ervaar word, maar hy skep tog die indruk dat die stilte (p. 137), die rus in God (p. 138) en die teenwoordigheid van God (p. 139) die eintlike is. Die groot vraag bly: Hoe ervaar 'n mens God? Op bepaalde punte gaan die skrywer verby die Puriteine en die Refomatore. Dit kom byvoorbeeld aan die lig wanneer hy skryf oor die donker waarin God se hand as 'n liefdevolle donker ervaar word (p. 140). Die aankoms van die stilte word deur die skrywer beskryf as 'n verbybeweeg van gedagtes en ervaring tot by die Ewige Geheim (p. 171-172). In hierdie opsig is sprake van 'n gevaarlike grensoorskryding. Dit moet betreur word dat die skrywer in sy bespreking van die stilte nie die Psalms geraadpleeg het nie, byvoorbeeld Psalm 62:2 (Ou Vertaling), Psalm 73:18; Psalm 131. Die reisplan wat die skrywer aan sy lesers voorlê, kan hulle maklik op 'n dwaalspoor bring. Dit is jammer, want sy bedoeling met sy boek is lofwaardig. Die boek spreek van die bewoënheid van die skrywer en daarom te meer moet dit

betreur word dat soveel goeds in sy boek oorskadu word deur tegnieke en oefeninge wat ons miskien wel help om stil te word, maar nie om in die stilte die innige gemeenskap met God in Jesus Christus te beleef nie. Die naaste wat 'n mens op aarde by God in die hemel kan kom, so het die bekende Nederlandse teoloog O. Noordmans gesê, is van God se kant die Woord en van die kant van die mens die geloof.

JANSON, M. 2003. My nalatenskap – die kuns om gelukkig te lewe.

Wellington : Lux Verbi.BM. 224 p. Prys: R99,95. ISBN 0-7963-014-17.

Resensent: George Lotter
(Vakgroep Praktiese Teologie, PU vir CHO)

Hierdie boek het verskyn na die dood van die bekende Murray Janson. Hy was waarskynlik een van die mees bekende beraders in Suid-Afrika en voor sy aftrede verbonde aan UNISA se Departement Praktiese Teologie. Duisende mense het ook weekliks sy rubriek "Sake van die hart" in *Die Huisgenoot* gelees, terwyl hy dikwels oor die radio en op ander wyses bekend geraak het. Soms was hy omstrede, maar het altyd uit diep oortuiging opgetree.

Die boek het 'n interessante oorsprong: dit begin toe Murray Janson hoor dat hy kanker het en dat hy ses tot nege maande het om te lewe. Hy noem kanker die "stasie" as eindpunt van sy lewe.

Daarvandaan beweeg hy terug en verdeel sy lewe in tien "stasies", elkeen 'n fase in sy lewe: van sy klein begin in 1928 te Buurmansdrif, deur sy jeugjare, studentetyd, bedieningstyd, studietydperk tot met sy aanstelling by UNISA in 1977. Tussendeur is daar 13 "gesprekke" waarin hy sekere aktuele sake bespreek waarmee hy geworstel het, wat besprekings in die kerk en samelewing uitgelok het of wat in die brandpunt van debat was, soos byvoorbeeld "Dat sielkundige en psigiatriese terapie nie sonde is nie" (gesprek 10).

Murray Janson se eie pennevrug eindig met sy credo oor sekere sake waarin hy onwrikbaar glo: die Bybel, God, Jesus (en daarmee saam wat hy dink oor die Jesus-debat), geloof en ander sake om dan te eindig met die ewige lewe.

Die boek het 'n lewendige geselstrant en word afgewissel met staaltjies uit sy lewe tussen die beskrywing van formele sake waarmee hy te doen gehad het (soos die episode in 1974 toe swart mense Sondag onder

protes in die kerksaal toegelaat is en hy persoonlik deur die minister ontbied is oor die aangeleentheid). Die boek is ryklik versier deur foto's en allerlei tipografiese maniere om die inhoud interessant aan te bied. Wat ook baie effektief is, is die "flitse" tussen-in waar 'n foto van Murray Janson is en dan iets wat hy onthou met 'n raampie daaromheen. Aan die einde van die boek is 'n lys van sy publikasies, hetsy alleen of saam met ander skrywers. Dankredes en huldeblyke by die dankdiens is ook ingesluit.

Wat uniek is vir 'n Afrikaanse boek, is dat 'n CD agter ingesluit is met Murray Janson se eie stemopnames wat handel oor *Die kuns om gelukkig te lewe*.

'n Mens het hier 'n ander vorm van outobiografie wat lekker lees, diepte het en uiteindelik nie gaan oor die persoon wat homself verheerlik nie, maar gelowig wegwys van homself af na "Jesus se vergifnis".

Die boek word sterk aanbeveel en Lux Verbi moet gelukkig word met die pro-aktiewe optrede om ander te laat deel in 'n vol en ryk lewe van so 'n bekende figuur in Suid-Afrika.

POTGIETER, J. & VAN HUYSSTEEN, F. 2002. Homoseksualiteit in perspektief. Hoop en heling uit die Bybel. Wellington : Lux Verbi.BM. 176 p. Prys: R89,95. ISBN 0-7963-32-8.

Resensent: Nico Vorster
(Gereformeerde Kerk Bultfontein)

Die teologiese debat oor homoseksualiteit handel nie net oor die vraag oor die regte van homoseksuele mense in die kerk en die etiese aanvaarbaarheid van die oriëntering nie, maar ook oor die vraag: hoe moet ons die Skrif hanteer? Die vraagstuk moet daarom binne die kerk met groot versigtigheid en omsigtigheid gehanteer word. Aan die een kant raak die debat breekbare menselewe. Aan die ander kant kan die besluite wat geneem word, soos prof. Van der Watt tereg in die voorwoord van die boek stel, die toekoms van Bybelgebruik ingrypend beïnvloed.

Homoseksualiteit in perspektief is 'n boek wat die debat oor homoseksualiteit vanuit 'n teologies behoudende hoek belig. Hoewel die skrywers homoseksuele praktyke as sonde afwys, toon die boek groot empatie met die innerlike worsteling wat baie homoseksuele Christene

ervaar. Die boek begin in sy eerste deel met die Reformatoriese uitgangspunt van *sola gratia*. Christus bring hoop en bevryding vir alle mense, ook homoseksuele mense. Dubbele waardes, etikettering en liefdelose optrede teen homoseksuele mense binne die kerk word sterk afgewys. 'n Pastoraal sensitiewe benadering wat verdraagsaamheid en begrip vir die problematiek van homoseksuele mense toon, word bepleit.

Die tweede deel van die boek handel oor die problematiek van homoseksualiteit. Die worsteling wat homoseksuele mense oor hulle identiteit ervaar, word belig. Verskillende vorme van homoseksualiteit word gedefinieer, terwyl die teologiese begroning wat die *Pro-gay*-beweging aan homoseksualiteit gee, kortliks behandel word. Die skrywers verwerp 'n sogenaamde herskeppingsteologie wat nie rekening hou met die sondeval nie. Homoseksualiteit word voorts vanuit 'n geneties-biologiese perspektief bespreek. Die skrywers toon aan dat hoewel homoseksualiteit deur genetiese afwykings beïnvloed kan word, dit onwetenskaplik sou wees om te beweer dat homoseksualiteit deur gene veroorsaak word. Homoseksuele gedrag bly in die meeste gevalle 'n gedragskeuse.

In die derde deel van die boek word die Bybels-hermeneutiese problematiek met betrekking tot homoseksualiteit bespreek. Die skrywers kies William Webb se hermeneutiese model van verlossing en bevrydingsontwikkeling. Hierdie model definieer bepaalde kriteria wat kan help om te bepaal of 'n Bybelse uitspraak tydgebonde of transkultureel is. Die voorkoms van homoseksualiteit in die destydse samelewing word bespreek en verskeie tersaaklike tekste word eksegeties uitgelê. Die konklusie van die skrywers is dat die Skrif homoseksuele praktyke deurgaans as sonde afwys, en dat hierdie uitsprake daarom nie as tydgebonde afgemaak kan word nie, juis omdat die Bybel se benadering teenoor homoseksualiteit – nie soos in die geval van vroueregte-, rasse- en slawekwessies – 'n lyn van toenemende verligting en meer bevryding toon nie.

In die vierde deel van die boek word onderlinge verhoudinge in die kerk bespreek aan die hand van die beeld van 'n familie en word die pad vorentoe vir homoseksuele Christene aangedui. Die opkoms van die post-modernistiese teologie en die identiteitskrisis wat dit vir die kerk meebring, word aangeraak. Die boek sluit af met die hoopvolle boodskap dat homoseksuele Christene vir die kerk baie kan beteken, en dat sulke persone draers van hoop en heling in ons samelewing kan word.

Homoseksualiteit in perspektief lewer 'n belangrike bydrae tot die teologiese debat oor homoseksualiteit. Hoewel die boek populêr geskryf is, word dit deur 'n gesonde wetenskaplike metodiek onderlê. Her-

meneutiese uitgangspunte word duidelik gestel, die kontekstuele raamwerk waarbinne tersaaklike Bybeluitsprake voorkom, word deeglik verdiskonteer, en die moderne konteks waarbinne die kerk haarself bevind, word met insig bespreek. Die problematiek met betrekking tot homoseksualiteit word verder verhelder deur biologies-genetiese perspektiewe op die probleem. Die goeie wetenskaplike grondslag van die boek gee aan die argumente in die boek 'n geloofwaardigheid wat nie sommer geïgnoreer kan word nie.

Dit is egter 'n ope vraag of die boek die breë kring van homoseksuele Christene tot ander insigte sal bring. Homoseksuele Christene met 'n behoudende benadering tot die Skrif sal dalk deur die boek geraak word. Die probleem is egter dat die *Pro-gay*-beweging met 'n ander hermeneutiese paradigma werk.

In die filosofie word onderskei tussen transendente kritiek en immanente kritiek. Transendente kritiek is 'n vorm van kritiek wat ander denksisteme vanuit die eie denksisteam kritiseer. Immanente kritiek, daarenteen, is 'n vorm van kritiek wat in die ander party se denksisteam ingaan en sekere anomalieë in die sisteem uitwys. Wanneer persone of groepe persone vanuit verskillende paradigmas oor 'n saak debatteer, is 'n immanente vorm van kritiek meer effektief as 'n transendente vorm van kritiek, omdat 'n transendente benadering nie daarin slaag om die grense van die verskillende paradigmas oor te steek nie. *Homoseksualiteit in perspektief* bevat te veel transendente vorme van kritiek en te min immanente vorme van kritiek. Die problematiek met betrekking tot die teologiese grondslae van die *Pro-gay*-beweging se paradigma word nie duidelik genoeg uitgewys om homoseksuele Christene wat hierdie hermeneutiese paradigma handhaaf te oorreed nie.

Desnieteenstaande kan hierdie boekie sterk aanbeveel word. Heteroseksuele Christene kan deur die lees van hierdie boekie meer empatie vir die problematiek van homoseksuele Christene ontwikkel, en homoseksuele Christene wat werklik erns maak met die Bybel as God se Woord kan sonder vrees vir veroordeling en stereotipering 'n groter insig ontwikkel in die teologiese problematiek rondom homoseksualiteit.

